Daniël 6:1-29 (:21b-23)

Die wat God met volharding dien, word geseën.

Geliefde gemeente,

Die wêreld is ‘n snaakse plek. Daagliks word daar moeilike eise aan ons gestel. Dinge word van ons ge-eis wat teen die Woord van God indruis. Doen ons dit nie, staan ons alleen. By die skool is dit net so moeilik, want almal wil graag deel van die groep wees. Niemand wil ‘n “outcast” wees nie. Op kantoor is dit nie veel makliker nie. Hier ‘n syfer miskyk, daar ‘n bietjie oneerlik wees. Almal wil tog gewild by die baas en medewerknemers wees. Soms is daar jaloesie wat insluip. Want as ons hardwerkend is, en in aanvraag deur voorbeeldige en toegewyde werk, raak die ander kantoormense jaloers op my. Ek word baiekeer as die onderwyser of baas se witbroodjie gesien. So gebeur dit dat jy eerste in die ry staan vir bevordering. Maar dan begin die uitsnuffel van enigiets om jou in onguns by die base te bring. Daar word letterlik rondgesnuffel, gesoek en gekrap om iets te kry wat jy verkeerd gedoen het om jou te kelder.

‘n Mens kan maklik skuldig voel as dit so goed gaan. Om dan nie steun of vriendskap te verloor nie, maak ons dom oordeelsfoute en trap ons maklik in ‘n gat.

So was dit met Daniël gewees. Hy was al ‘n bejaarde man van by die 70 jaar toe in die hof van die Persiese koning gewerk het. Die volk was vir ongeveer die selfde tydperk al in ballingskap. Daniël het homself opgewerk as een van die grootkoppe in die ryk. Toe kom die jaloesie...

1. Die onaanvaarbare opdrag:
Daniël was ‘n toegewyde, getroue en hardwerkende werker wat respek vir die koning, sy werkgewer gehad het. Sy teenstanders het dit al te goed besef. Hulle het begin om planne te beraam, ‘n slinkse plan om Daniël in onguns by die koning te bring en om hom uit te wer. Hulle het geweet dat Daniël drie keer op ‘n dag tot sy God bid. Hulle oortuig die koning om ‘n wet van Meders en Perse uit te vaardig wat die mense in die koninryk verplig om vir een maand lank slegs die koning te aanbid. As iemand gevang word wat hierdie wet oortree, moet hy of sy in die leeukuil gegooi word. Hierdie wet kan nie herroep word nie.

Hoeveelkeer was ek en jy nie al in ‘n soortgelyke situasie nie? Die baas gee ‘n opdrag en ek weet dat God van my verwag om dit nie te doen nie. Hoeveelkeer het ons nie al opgetree uit vrees vir woorde of spot, of selfs uit vrees om jou werk te verloor nie. Hoeveelkeer het jy al by die skool jou rug op God gedraai om nie allen te staan of uit die groep verstoot te word nie?

Dink jy jy staan alleen in so ‘n situasie? Jesus Christus was nooit een van die groep nie. Hy het teen die wêreld gestaan, teen die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Hy het alle gebruike gebreek sodat jou en my besluite makliker kan wees en sodat ons sal weet wat om te doen om die Here te volg. Daarom kan Hy eis dat ons gehoorsame volgelinge sal wees wat nie die wêreld en sy mense vrees nie, maar gehoorsaam en dienend by Hom bly.

2. Die volhardende dienaar:
Daniël staan tussen die Duiwel en die diep blou see. As hy na die wet van die koning luister, verloën hy sy God. Gehoorsaam hy sy God, is sy voorland die leeukuil en sekerlik die dood. Dit is net hier waar Daniël se geloof tot uiting kom. Hy weet dat wanneer God se kind Hom getrou bly dien, dit meer werd is as om na ‘n onaanvaarbare opdrag te luister. Hy weet dat God uitkoms sal gee as jy Hom nie verloën nie. ‘n Gelowige moet God meer gehoorsaam wees as mense.

Met volhardende geloof bly Daniël God dien. Drie keer op 'n dag bid hy! Ten spyte van die gevaar wat in die leeukuil vir hom voorlê, selfs in die aangesig van die dood!
Waar staan ek en jy? Kies ons nie te maklik die onaanvaarbare opdrag bo getrouheid aan God nie? Dink ons nie te maklik: God sal mos verstaan en vergewe nie?
Soos met Daniël eis God van ons gehoorsaamheid in alle situasies. Hy eis dat ons altyd vir Hom sal kies teen alle teenstand in. Maak nie saak wat gebeur nie, moet ons vertrou dat Hy daar is en daar sal wees. Soos Jesus moet ons teen alle mense en mensgemaakte reëls sê: Ek sal aan God meer gehoorsaam wees as aan mense.

Met Daniël se optrede het hy inderwaarheid die wêreld uitgedaag – kom vag my, spot my, slaan my! Baie jare later het Jesus Christus dieselfde gesindheid geopenbaar sodat dit vir ons makliker sal wees om dieselfde te doen.

God eis van ons as sy kinders in die wêreld om vandag 'n Daniël en Christus voorbeeld te wees. Hy verwag dat Hy eerste sal staan in al ons keuses. Hy verwag te alle tye toegewyde diens, vaste geloof en vurige vertroue. Hy wil hê dat ons sy belofte aan Abraham: Ek sal vir jou 'n God wees, sal toets!

3. Beloning vir toegewyde diens:
Soos wat die wet bepaal het, is Daniël gevang, en in die leeukuil gegooi. Die koning was baie bekommerd oor hom en daarom het hy vroeg die volgende môre na die leeukuil gegaan om Daniël se lot te sien. Tot sy verbasing antwoord Daniël hom uit die leeukuil waar hy tussen die leeus staan – ongedeerd!

Die koning is so verbaas en verstom dat hy nie anders kan as om die God van Daniël te prys nie. Duidelik kom hy tot 'n belydenis. So word God deur ons volharding en die vyand se planne groot gemaak. So laat God sy krag, mag en almag deurbreek. God gebruik ons as toegewyde christene om aan die wêreld te wys dat Hy die enigste God is sodat selfs die heidene kan sien en tot geloof en belydenis kan kom: God is HERE!!!!

Die wat Daniël se dood se dood beplan het is in die leeukuil gegooi en opgevreet. Die leeus het met al God se wraak op hulle liggame toegesak en hulle verskeur. Die wat God teenstaan of verloën ervaar God se oordeel in sy volle krag – die dood, selfs die ewige dood. Maar die wat God getrou bly dien, ontvang sy seën.

Duidelik kom die boodskap aan ons, vandag se gelowiges: Die wat in geloof en vertroue vas bly staan en God eerste stel – SAL die genade en troue sorg van God ervaar. Dit is nie 'n beloning as 'n klop op die skouer sodat ons in onsself kan roem nie, maar 'n genadegawe uit die hand van God waardeur Hy Homself bekend maak.

En vandag – Kan ek en jy 'n Daniël en Christus voorbeeld wees? Ja, duisend maal ja! Soos God die Heilige Gees gestuur het om Daniël te beskerm, het ek en jy die Heilige Gees in en om ons om ons ook te lei en te beskerm. Nog meer – ons het Jesus Christus wat ons instaat stel en vir ons misstap by die Vader pleit en ons die krag en insig skenk om Hom eerste te stel in ons lewe.

Beteken God soveel vir jou en my dat ons ook bereid sal wees om vir Hom te sterf of is Hy maar net 'n spaarwiel wat uitgehaal word as ons Hom nodig het?
AMEN
Ds Human Coetsee